durbanville-bergsig gemeente · sy ligdraers

# Bergsig Boodskap

26 Januarie 2020




**26 Januarie 2020, Jaartema**
**#24/7 LEEF MET WAAGMOED**
**Preekreeks: #24/7 Een Wens**

08:15 **Klassieke diens**
Ouditorium
*Ds. Johan Els*
**Glow Kidz Diens (Saal)**
*Stephanie Steenkamp*

10:00 **Informele diens**
Ouditorium
*Ds. Johan Els*
**Glow Kidz Diens (Saal)**
*Stephanie Steenkamp*

**Deuroffer: BADISA**

18:00 **@6 Diens**
*Ds. Johan Els*

**2 Februarie 2020, DOOP**
**WEEK VAN GEBED**
**Preekreeks #24/7 Een Woord**

08:15 **Klassieke diens**
Ouditorium
*Ds. Mizelle Prinsloo*
**Glow Kidz Diens (Saal)**
*Stephanie Steenkamp*

10:00 **Informele diens**
Ouditorium
*Ds. Mizelle Prinsloo*
**Glow Kidz Diens (Saal)**
*Stephanie Steenkamp*

**Deuroffer: Arbeidsbediening**

18:00 **@6 Diens**
*Stephanie Steenkamp*

## Maand oorsig:

26 Jan: Preekreeks #24/7
26 Jan: 19:15 Gr. 7-12 Groep-indeling & Ouerinligting
27 Jan: 18:30 Biduur leierskap
28 Jan: 9:30 Seniors Bybelstudie
28 Jan: 18:30 Narratiewe Pastorale Kursus
29 Jan: Ringsontbyt
30 Jan: 9:30 Seniors Opening



## As jy net een wens kon kry ...

Spoed wen nie altyd nie. Spoed is belangrik, maar sonder wysheid oor hoe om reg te leef, help spoed net mooi niks.

Wysheid is eerbied vir die Here. Hy help jou in elk geval om teen die regte spoed te leef - daardie spoed wat maak dat jy genoeg tyd het vir Hom, vir jou vriende en vir jou familie.

Anders leef jy te vinnig. Moenie te vinnig vir God se wysheid wees nie.

Lees die Bybel gereeld. Bid elke dag. Ken jou plek aan die Here se voete. Dan leef jy binne Sy spoedgrens.

Vra vir wysheid. Doen dit opreg aan die Here se voete. Soek daardie wysheid wat jou groot respek en eerbied vir die Here gee.

Wyses probeer nie om die hoofrol in hul eie lewe te speel nie. Hulle het dit afgestaan aan Christus. Hulle wil nooit die kollig op hulleself hê nie. Net God verdien hierdie "spotlight".

Wyses buig voor God. Wyse mense is leerbaar. Hulle maak hulle ore groot oop vir die advies van mense wat insig het in die lewe en in die Here se Woord.

Te veel mense mors tyd.

Wysheid is om elke stukkie tyd goed te gebruik vir die Here. Doen iets goed vir iemand, bid vir iemand, maak vrede. Sien mense raak, glimlag vir hulle, spreek 'n woord van lewe.

Gebruik vandag reg - ons almal het ewe veel tyd en God se wysheid tot ons beskikking.

**Bespreek die preekvrae in julle gesinne, ander bybelstudie en Kleingroepe:**

1. Wat maak jou opgewonde van die jaartema en die boek Spreuke?
2. Lees Spreuke 1: 1 – 10. Wat staan vir jou uit met die eerste lees van die teks
3. Wat is vir jou die verskil tussen wêreldse en Bybelse wysheid?
4. Wat is al die voordele van wysheid volgens die teks?
5. Kyk hoeveel eienskappe van "wyses" en "dwases" jy kan lys na aanleiding van die preek

# Vanuit die Uitreikkantoor …

**DONASIES: Merk duidelik as iets vir Plaasfees is anders merk omgee/uitreike/barmhartigheid ASB.**

## Bergsigprojekte op ons voorstoep

Mag 2020 jou jaar wees uit Vader se hand!! Joh 15:12…"Ek verseker julle, wie aanhou om in My te glo, sal ook die werke doen wat Ek doen: hy sal selfs nog groter dinge as dit doen……" (Nuwe Lewende Vertaling) Mag Vader ons elke dag 'n geleentheid wys om 'n verskil te maak in Sy Koninkryk!

In die week het Pieter Henning die volgende woorde geskryf vir een van ons sendelinge…." **Ons jaartema wentel om waagmoed en wysheid hier in Bergsig vanjaar. Ek lees raak dat wysheid gedefinieer word deur drie dinge. Insig, onderskeidingsvermoë en nadenke…"**

**Ons bid dat Vader ook vir Bersig Uitreike en alle gemeentelede in 2020 by uitstek hierin sal lei.**

### HOUSE OF GRACE

Een van die dogters in House of Grace is vanjaar in matriek en ons benodig 'n tweedehandse laptop om haar te help met haar studies.

Ons gee ook aan elke kind 'n koek met sy/haar verjaarsdag en benodig 'n paar dames wat bereid is om 'n kind te bederf met 'n verjaarsdag koek op hulle spesiale dag.

Vir meer besonderhede oor enige van bogenoemde punte kontak asb. vir Leonette Burger by 0824405662.




OOK NODIG: Xhosa & Engelsprekende beraders, Besigheidsmentors om kleinsake-eienaars te help

Skakel Annamaré by (021) 976 4106 uitbreiding 103, as jy betrokke wil raak by uitreikprojekte of e-pos na uitreike@bergsigdv.co.za

## Bergsigprojekte oor grense

### FRONTIDA: THAILAND

### André en Marina Olivier is die gemeente se sendelinge in Hua Hin Tailand:

Dagsê Frontida Vriende,

So bietjie oorsig van die laaste maand se gebeure hier by ons.

Gewoonlik is Januarie maand almal se "nuwejaars voorneme" maand - wel ons s'n is eenvoudig: hoe kan ons meer help om die Evangelie van Christus aan die onbereiktes te bring - punt.

Dit gaan goed met die bediening. Ons vorder baie goed met die weeklikse Bybelstudie Sondag middae by die gemeente. Meer en meer mense begin dit bywoon en ons is ook dankbaar vir die 5 nuwe bekeerlinge in ons gemeente. Hulle woon tans ook getrou die Bybelstudie by.

Die gedagte is om die Bybelstudie program aan die gemeentes in Pala U ook te doen. Pala U is 'n sub-distrik van Hua Hin en daar woon meerendeels Burmese. Meeste van die mense is ongeletterd en woon in die woude. Ons sal nog met die Pastore van die twee gemeentes daar in die komende week of twee gesels. Daar is ook 'n versoek gerig dat ons al die modules van die Bybelstudie program in 'n boek formaat kan bind. Die materiaal is tans op "word document" en "Power Point" formaat. Dit sal 'n groot taak wees maar ons is opgewonde hieroor en ons glo dat dit sal kan realiseer.

Ons weeklikse fellowship saam met nie-gemeente lede groei ook sterk. Ons is al 5 weke besig met Psalm 23 en sal hierdie komende week klaarmaak daarmee. Sal dan werk daarvan maak om die studiemateriaal te vertaal in Thai.

**Gebedsversoeke:**

1: Bid vir die nuwe bekeerlinge

2: Bid vir vrug op die Bybelstudie.

3: Bid vir die Suid Afrikaners wat ons maandeliks in die tronk in Bangkok besoek.

4: Bid vir insig en krag om daagliks te volhard met ons bediening hier.

## ONS DAAGLIKSE BROOD

*"Om te gee, maak mens gelukkiger as om te ontvang"*



**Koninkryksveldtog (Okt '19 - Febr '20)**

| | |
|---|---|
| DOELWIT | R750 000 |
| INGESAMEL | R583 441 |
| BENODIG | R166 559 |

**Kontant / Koevert / EFT / Debietorder / Zapper / Snapscan**




Bergsig het 'n gebeds-whatsapp-groep waarop ons gebedsversoeke van individue en die gemeente deel en dan saam daaroor bid. Indien jy deel wil wees van Bergsig se GEBEDSGROEP stuur asb. jou naam en nommer vir ds. Mizelle by 083 394 1101.

Indien daar iets in jou lewe, die gemeente of die samelewing gebeur waaroor ons ernstig moet bid, stuur asb die gebedsversoek ook na ds Mizelle en sy plaas dit op die groep.

Om 'n lewe te leef sonder gebed is net so onmoontlik soos om te lewe sonder om asem te haal.

## Uitreikhulp

**GESOEK vir Huis de Kuilen:**

'n Yskas met vriesgedeelte vir die siekeboeg op die tweedevloer om koue water in die warm weer te verskaf. Kontak Corrie Kotze

**082 823 8786**






LEIERS van BERGSIG begin die jaar reg deur saam STIL TE WORD voor die Here en Hom vir Sy WYSHEID en insig te vra vir die jaar. JY word UITGENOOI om Maandagaand 27 Jan 18:30 te kom BID!

## KNIELTYD

| | | | |
|---|---|---|---|
| Martin Slabber | Hibiscuspark 13, 083 413 3256 | Mediese behandeling | Herstel en bemoediging |
| Yolandé van Rensburg | Sparrowhawksingel 24, 083 450 5879 | Mediese behandeling | Herstel en bemoediging |
| Hermien Brown | 063 349 5135 | Mediese behandeling | Herstel en bemoediging |
| Dolph Nortier | Ruitershoogte 16, 083 231 0314 | Broer oorlede | Troos en bemoediging |
| Murray Steenkamp en gesin | St Blaizestr. 16, 083 708 4235 | Moeder oorlede | Troos en bemoediging |
| Chris en Marietha Marais | Kenjockity Cres. 13, 082 377 6651 | Seun oorlede | Troos en bemoediging |
| Frans Geyser en kinders | Lobeliastr. 13, 082 325 9521 | Vrou en ma oorlede | Troos en bemoediging |
| Hennie Schoeman | Serangetti 12, 083 283 7018 | Vrou oorlede | Troos en bemoediging |
| Chaldin Bezuidenhout | Via Ferenzestr. 24, 076 697 0221 | Beenoperasie | Herstel en bemoediging |
| Marié Meyer | Fairtrees 4, 021 975 8947 | Mediese behandeling | Herstel en bemoediging |
| Netta Verster | Fairtrees 32, 072 267 4112 | Mediese behandeling | Herstel en bemoediging |
| Dirk Cornelissen | Fairtrees 1, 083 415 1274 | Mediese behandeling | Herstel en bemoediging |
| Wouter Grové (14 jaar oud) | Lesliesingel 71, 021 982 7322 | Op waglys vir hartoorplanting | Herstel en bemoediging |
| Hercules Stander | Blanc de Noirstr. 26, 021 975 4193 | Beenmurgkanker | Herstel en bemoediging |
| Luan Gous | 2 Wild Olive Cres. 072 529 0207 | Dat dokters Luan se siekte sal kan diagnoseer | Herstel en bemoediging |

***Vir bydraes of versoeke, skakel Elize 021 976 4106***




### NUUT HIER?

Onseker hoe om in te skakel? Vul 'n kaartjie in by die Nuwe Lidmaat toonbank of gebruik die skakel:

**http://bit.ly/nuwelidmate**

of skandeer die QR kode of

Tik dit in die "search bar" van enige "search engine" soos bv. Google. Dit sal jou na 'n vorm neem waar jou besonderhede ingevoeg kan word.

Die kerk sal jou spoedig kontak om beter te leer ken.

**Om vrywillig deel te word van die kerk se algemene WhatsApp 'broadcast' groep stuur jou naam en van na:**

**071 529 9491**

## GEMEENTEKAMP 2020 Ceres



Skop die vakansie op 'n hoë noot af!

20 - 22 Maart 2020

Navrae: Jolene Schoeman **083 444 3550 jolene@inboxme.biz**

Gewone karre kan maklik tot by kampterrein ry.

### Die Coram Deo Narratiewe Pastorale kursus

Die Coram Deo-kursus is 'n twee-jaar akademiese toerustingsgeleentheid in pastorale narratiewe terapie. Dit bied meer as net teoretiese kennis in pastorale terapie, dit waarborg ook persoonlik, emosionele- en geestelike groei. Die Coram Deo-kursus in pastorale narratiewe terapie, is 'n Tukkies geakkrediteerde sertifikaatkursus. Die kursus word oor 33 weke vanaf 28 Januarie tot 1 Desember op Dinsdagaande vanaf 18:30 – 21:00 aangebied.
Navrae: Liezl Loubser
geestelikeversorging@bergsigdv.co.za

## SENIORS BYBELSTUDIE

Alle seniors (60+) word genooi na die Seniors Bybelstudie wat in die kerkgebou deur dr. Kobus de Jager gelei word.

**Datums**: Dinsdae soos op Gemeenteprogram.

**Tyd**: 09:30-10:30.

Ons eerste byeenkoms vir die jaar is **Dinsdag, 28 Januarie**. Ons doen een Bybelhoofstuk per byeenkoms. Lees Johannes 18 as voorbereiding.

**Baie welkom**. Lidmate wat dit bywoon getuig van groot seën in geestelike groei en samesyn met medegelowiges. Jy hoef nie by elke byeenkoms te wees om te kan deelneem nie. Ons verstaan dat seniors 'n besige program het met kleinkinders en wegglip deur die kwartaal!

### DURBANVILLE / BERGSIG SENIORS

Uitstappie na Kunste Kaap – 26 Januarie 2020
Vertoning – Peter Pan On Ice
Bus vertrek – 3:30 nm. Vanaf Bergsiggemeente

**Ons openeningsvergadering vir 2020**
Donderdag, 30 Januarie 2020

**Tyd**: 09:30
**Plek**: Bergsiggemeente

Alle seniors is welkom om aan te sluit. Ledegeld beloop R50 per lid.

'n Vriendelike versoek is dat almal vroegtydig sal kom om te registreer sodat ons stiptelik 09:30 met die vergadering kan begin.

## VERITAS BYBELSKOOL

Ons is BAIE opgewonde dat die Veritas Bybel-skool weer hierdie jaar by Bergsig aangebied word.

Dit word tans in 26 lande aangebied en dra internasionale status. Die hooffokus van Veritas is om lidmate toe te rus met die basiese vaardigheid om die Bybel verantwoordelik te kan lees, van toepassing te maak in jou alledaagse lewe en bedieningsvaardighede te leer.

Jy kan verwag om geweldig te groei in jou verhouding met Jesus omdat jy God se stem baie duideliker leer onderskei vanuit die Woord.

Module 1 & 2 word die jaar by Bergsig aangebied op Woensdagoggende om 09:00-11:00 en Module 1 & 4 Woensdagaande 19:00 – 21:00 vanaf 12 Februarie.

Module 4 word aangebied op Dinsdag-oggende om 09:00 – 11:00 vanaf 11 Februarie.

Die kursus strek tot Oktober. (Hou kalender dop vir af tye oor langnaweke en vakansies.)

Die koste vir die hele jaar R450 pp & R700 per paar.

Kontak Ds. Johan Els vir verdere navrae by

ds.johan@bergsigdv.co.za

Inligtingspamflet by deure beskikbaar. Lees meer:

www.veritascollege.org

**Let wel:**

Die groep wat Veritas 1-4 by Ds. Johan Els voltooi het se Bybellees-sessies gaan voort op 'n Dinsdag om 9:00 vanaf 11 Februarie 2020. Daar sal per WhatsApp groep kommunikeer word.




# LEEF MET 24/7 WAAGMOED

## W + 1

Om 2020 met **WAAGMOED** in te gaan, het ons in die huidige klimaat in ons land en gemeenskap méér as net 'n brawe jaartema nodig. Ons het nodig om gereeld herinner te word aan waarheen ons so waagmoedig op pad is, om gereeld aangemoedig te word deur ander waagmoediges en om aanhoudend te leer hoe mens waagmoedig volhou en aanhou.

Dis hoekom Bergsig jou nou in Januarie wil uitdaag om vir die volgende kwartaal by W+1 aan te sluit. W vir WAAGMOED maar ook vir WYSHEID waartoe jy beide geïnspireer sal word in ons eredienste. Ons daag jou uit om vir die volgende kwartaal meer eredienste (W) by te **W**oon, elke Sondag as jy kan. Verder daag ons jou uit om by **een (+1)** aktiwiteit binne die kerk betrokke te raak, enige uitreik, bediening of dienslewering.

Bergsig wil nie mense betrek om iets van hulle te kry nie maar eerder om hulle iets te laat ontvang.

Waar die Here werk, stap ons nooit met minder weg nie. Kom ontdek wat die Here vir jou het.

Kom stap met waagmoed die pad saam met Hom.

Gebruik die skakel http://bit.do/waagmoed of skandeer die QR-kode om aan te meld vir W+1.

Dit is vir ons by Bergsig baie belangrik dat alle lidmate welkom voel en dat hulle sal voel hulle is deel van die Bergsig-familie.

Een manier hoe ons die gevoel van behoort aan 'n familie probeer implementeer is dat alle lidmate, vanaf die junior en senior jeug, en die Klassieke en Informele dienste dieselfde leesmateriaal gebruik.

Vir 26 van die 52 weke hierdie jaar gaan daar tydens die twee oggend eredienste en in die juniorjeug se dienste oor Spreuke aan die hand van Stephan Joubert se boek Leef 24/7 gepreek word. Die seniorjeug gaan die inhoud van die boekie in hulle kleingroepe bespreek.

Daar gaan ook preekvrae uitgestuur word, sodat Kleingroepe, Bybelstudiegroepe, Boekklubgroepe, Mammagroepe, Mannegroepe, Ouerskapsgroepe, vriende en gesinne die inhoud van die boekie en die preke kan bespreek, om sodoende die inhoud van Spreuke prakties deel te kan maak van hulle lewens.

Spreuke 1:7a "Kennis begin by die dien van die Here." Die kleinste vorm van 'n Kleingroep is die gesin. Nie alle gesinne se omstandighede is van so 'n aard dat hulle aan 'n kleingroep kan behoort nie. Daarom wil ons baie graag die gesinne wat nie by 'n kleingroep kan inskakel nie nooi om wel huisgodsdiens te hou, om ook deur die boekie Leef 24/7 te lees en om die kleingroepvrae saam deur te werk.

As julle ook die kleingroepvrae wil ontvang stuur vir Liezl 'n epos by geestelikeversorging@bergsigdv.co.za sodat sy julle name op die uitstuurlys kan plaas.

As 'n Bergsig-familie wil ons hierdie jaar groei in ons kennis van die Here, sodat ons Hom en Sy koninkryk in wysheid en waagmoed kan dien.

# KLEINGROEPE 2020

## KOM WORD DEEL

**Word deel van 'n Kleingroep in 2020.**

Individue, egpare, gesinne, vriendegroepe ensovoorts, kan hier registreer om deel te word van 'n kleingroep by Durbanville-Bergsig NG Kerk. Die indeling sal vroeg in 2020 plaasvind.

Kliek op hierdie skakel of scan die QR code:
http://bit.do/registreer

Registreer




Dit is die begin van 'n nuwe dekade en jaar. As man wil jy graag gerat wees hiervoor. Dit help natuurlik as mens se tenk GEESTELIK bietjie vol getap kan word.

Jacques Malan en ander aanbieders van Father's Voice gaan by die mannekonferensie lekker gesels met die manne om hul te aktiveer vir die jaar. Hou jou dagboek oop en bespreek.




**KOM KUIER LEKKER SAAM 14 Maart 2020 Meerendal**

The Voice sangsensasie Tasché Burger, jongste wenner ooit van The Voice TV-program en bekende Cobus & Christo sorg vir die musikale atmosfeer as deel van die vermaakprogram. Grappige Bennie Fourie is die verhoogmeester en gaan King Price se lawwe spinwiel wat jou 'n plek in die Cash Cube kan verseker aanbied. As jy wonder wat dit is – kom maak 'n draai by die fees. Die Hoërskool Durbanville se Drumline & blaasorkes skop die dag af.

Die jongspan sal gaande wees oor Regardt Laubscher die kulkunstenaar en die alombekende Lollos en Lettie wat kom kuier. Hul gaan ook interessante diere ontmoet soos krimpvarkies, tarentulas, koggelmanders ens. Ons sien julle daar!

**INTERNE STALLETJIE LYSTE word vandag uitgedeel - ons is bekend daarvoor dat die Gemeente altyd 'n hand uitreik om te help by die Plaasfees. Vul asb. in en bring terug.**

**PLAASFEES KOMPETISIE R100 per kaartjie**

**KOOP JOU KAARTJIE VAN VANDAG AF EN WEN**

**Pryse:**

1ste : Jong-bees Agterkwart (verwerk volgens keuse)
Met dank aan Dewalt Vorster

2de : Piekenierskloof 1 x nag akkommodasie vir gesin vir 4 persone met Zipline ervaring
Met dank aan Dream Hotels & Resorts

3de: Familie Fotosessie vir 1 uur
Met dank aan Esméralda Photography





Esméralda PHOTOGRAPHY

scan to donate now
zapper donate with VISA and many more
www.zapper.com

**NG Kerk Durbanville-Bergsig**

021 976 4106 • administrasie@bergsigdv.co.za • www.bergsigdv.co.za

**Facebook:** Durbanville-Bergsig kerk - Sy ligdraers

**Straatadres:** H/v. Boland- en Proteaweg, Durbanville 7550

**Posadres:** Posbus 479, Durbanville, 7551

**Kantoor-ure:** Ma tot Vry 08:00 - 14:00

Leraars en kantoorpersoneel kan daagliks by die kerkkantoor gebel word.

**24 uur nood** vir geestelike & emosionele ondersteuning bergsig911@bergsigdv.co.za

**S33 48.966 018 39.728**

**Bankbesonderhede:** NGK Durbanville-Bergsig, ABSA, 1410590154,Tak: 334810

SnapScan
Snap here to pay
https://pos.snapscan.io/qr/ALS0527